**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**GRAAD 11**

**JUNIE 2018**

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

# NASIENRIGLYNE

# AFDELING A
# Leesbegrip

## VRAAG 1

## TEKS 1: ARTIKEL

| | | PUNT | BARRET |
|---|---|---|---|
| 1.1 | ✓ Feit<br>✓ "... luidens nuwe navorsing." | [2] | 3 |
| 1.2 | "nie-gesuiwerde" | [1] | 1 |
| 1.3 | ✓ Gewone olyfolie het 'n laer polifenool-inhoud as gesuiwerde olyfolie / minder anti-oksidant<br>✓ Omdat dit 'n versnit is van gesuiwerde olyfolie / 'n meer geprosesseerde vorm van die olie is / gaan meer prosesse deur. | [2] | 3 |
| 1.4.1 | ✓ Nee<br>✓ Dr. Isabel Corvas het bevind dat die groente-olies, met die uitsondering van gesuiwerde olyfolie 'n proses ondergaan waarin die polifenol feitlik verlore raad. | [2] | 1 |
| 1.4.2 | ✓ Die gebruikers van gesuiwerde olyfolie se vlakke van "goeie" HDL cholesterol baie hoog was<br>✓ Daar was ook 'n afname in oksidatiewe stres. | [2] | 1 |
| 1.5 | Klapperolie<br>Bevat versadigde vette wat minder gesond is as die poli-onversadigde vette | [3] | 4 |
| 1.6 | Die olie se geur / ander eienskappe word afgebreek | [1] | 1 |
| 1.7 | ✓ Sesamolie – lae rookpunt en amber kleur<br>✓ Grondboontjie-olie – hoë rookpunt en bleek kleur | [2] | 2 |
| 1.8.1 | Truffelgegeurde olie is nie regte truffelolie nie / Dit is 'n namaaksel | [1] | 1 |
| 1.8.2 | Dit het 'n baie sterk geur | [1] | 4 |
| 1.9 | Druiwepitolie | [1] | 1 |

## EN

## TEKS 2: ADVERTENSIE

| | | PUNT | BARRET |
|---|---|---|---|
| 1.10.1 | Die tapkannetjie sluit dig / Beskerm teen lug en lig<br>Kan langer hou<br>Geure word nie beïnvloed nie / Plastiek kan die geure beïnvloed<br>Die olie in die tapkannetjie word nie aan sonlig blootgestel nie | [3] | 2 |
| 1.10.2 | Ja. Dit gaan vars bly en sy kan dit gevolglik vir 'n lang tydperk hou<br>Ja. Olyfolie is duur dit sal langer hou<br>Nee. Die gemiddelde huisvrou gebruik nie olyfolie nie, eerder sonneblomolie<br>*(Slegs die motivering verdien 2 punte)* | [2] | 5 |
| 1.11.1 | ✓ Die feit dat die houer in foelie binne 'n tapkannetjie is / Olyfolie is verpak in tapkannetjie<br>✓ Groter skrif / Donkerder skrif / Uitroepteken / Onderstreep | [2] | 2 |
| 1.11.2 | Ja.<br>Die woord kan duidelik onderskei word van die ander woorde.<br>*(Nee kan nie as antwoord aangebied word nie)* | [1] | 1 |
| 1.12.1 | "Vryheid van die pers" | [1] | 1 |
| 1.12.2 | Olyfolie word gepars deur dit te pers / Pers verwys na pars van olywe. | [2] | 4 |
| 1.13 | "... louere weggestap ..." / "... bekroonde olyfolie ..." | [1] | 1 |

**TOTAAL: Afdeling A = [30]**

## EN

# AFDELING B
# Opsomming

## VRAAG 2

Nasien van die opsomming:

**Tien feite oor die wenwenke van Simon Rademan**

- Opskrif / titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif / titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde, skryf.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk / Beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

**Die opsomming word as volg nagesien:**

• **Puntetoekenning**

- o 7 punte vir 7 feite (1 punt per hooffeit)
- o 3 punte vir taal
- o Totasl: 10 punte

• **Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woord vir woord aangehaal het nie:**

- o 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
- o 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
- o 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

**Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat woord vir woord aangehaal het:**

- o 6 – 7 aanhalings: geen punt vir taal word toegeken nie
- o 1 – 5 aanhalings: ken een punt vir taal toe

LET WEL:

Aantal woorde:

Daar word van nasieners verwag om die aantal woorde te verifieer.
Moenie punte aftrek wanneer die kandidaat nagelaat het om die aantal woorde aan te dui nie, of as die aantal woorde nie korrek aangedui is nie. Indien die aantal woorde oorskry is, lees tot die laaste sin na die maksimum aantal woorde (90) en ignoreer die res van die opsomming.

**VOORBEELD VAN DIE PARAGRAAF:**

Die drag wat op die uitnodiging aangedui word en die geleentheid moet respekteer word. Dis outyds om soos die boetie / sussie van jou metgesel te lyk. Neem jou ouderdomsgroep en figuur in ag as jy klere kies. Gebruik parfuum spaarsaam. Dis 'n voorreg om op die rooi tapyt te loop. Onthou, dis jou eie verantwoordelikheid is om te sorg dat ander nie op jou rokslepie trap nie. Mans tree altyd hoflik op deur die deur vir die vrou oop te maak. (90 woorde)

**TOTAAL: Afdeling B = [10]**

Kopiereg voorbehou

# EN

## AFDELING C
## Taalgebruik in konteks

### VRAAG 3: ARTIKEL

| | | PUNT | BARRET |
|---|---|---|---|
| 3.1 | humoristiese | [1] | 1 |
| 3.2.1 | pêrel | [1] | 1 |
| 3.2.2 | vlermuis | [1] | 1 |
| 3.3 | Een honderd / Eenhonderd en nege / Honderd en nege / Honderd-en-nege | [1] | 2 |
| 3.4 | regisseur | [1] | 2 |
| 3.5 | aktrise<u>s</u> | [1] | 1 |
| 3.6 | definisie | [1] | 2 |
| 3.7 | skreeusnaakse | [1] | 1 |
| 3.8 | Tussen ŉ reeks selfstandige naamwoorde word ŉ kommagebruik | [1] | 3 |
| 3.9 | om (bloot) te stel | [1] | 1 |

**[10]**

### VRAAG 4: STROKIE

| | | PUNT | BARRET |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Kompleks. Bestaan uit twee stamme | [2] | 3 |
| 4.2 | Beginsel van gelykvormigheid / Grondbeginsel<br>(Leer hierdie reël aan die leerlinge, dit is die een wat in die AWS gebruik word) | [1] | 1 |
| 4.3 | Die mannetjie se voorkoms dui aan dat hy kwaad is. Meester | [1] | 4 |
| 4.4 | Ek gaan kwaad word **omdat** jy nooit vir ŉ toets **leer nie**. | [1] | 2 |
| 4.5 | inhaal: Sy haal haar huiswerk in. | [1] | 2 |
| 4.6 | skrif: Ek kan haar skrif uitken. | [1] | 5 |
| 4.7 | werkende | [1] | 2 |
| 4.8 | daardie / hierdie / dié | [1] | 3 |
| 4.9 | goed | [1] | 4 |

**[10]**

### <u>VRAAG 5: ADVERTENSIE</u>

| | | PUNT | BARRET |
|---|---|---|---|
| 5.1 | C. Samestellende afleiding | [1] | 1 |
| 5.2 | Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging<br>(Spelling , hoofletters en koppelteken moet korrek aangebied word) | [1] | 2 |
| 5.3 | sokker | [1] | 3 |
| 5.4 | Musiek oorheers / het die oorhand | [1] | 4 |
| 5.5 | koninkie | [1] | 2 |
| 5.6 | Ace is **<u>nie</u>** mal oor sokker en moderne musiek soos hip-hop en rap **<u>nie</u>**. | [1] | 1 |
| 5.7 | Op pad na sokkerstadium het hy vreemde en wonderlike musici <u>ontmoet</u> wat hom meer oor klassieke musiek <u>geleer het.</u> | [1] | 1 |
| 5.8 | mees vreemde / die vreemdste | [1] | 1 |
| 5.9 | musikusse | [1] | 2 |
| 5.10 | Klas - sie - ke<br>g o o (Albei vir 1 punt) | [1] | 2 |

**[10]**

**TOTAAL: Afdeling C = [30]**

**GROOT TOTAAL: Afdeling A + B + C = [70]**

Kopiereg voorbehou